**23 Mei**

**Eensaamheid – hoe oorkom ek dit?**

**Skrifgedeelte: Psalm 142 (1953-vertaling)**

Baie digters het eensaamheid al onder woorde gebring. Nooit is dit egter so kort en betekenisvol vertolk as wat Dawid dit in Psalm 142 doen nie. “Niemand vra na my nie” (vs 5). Want dit is presies wat eensaamheid mos eintlik is. Ẹ̑rens op my lewenspad is ek agtergelaat. Daar is niemand wat na my omsien nie. Daar is niemand wat by my aan die deur klop en vra: Hoe gaan dit met jou? nie. Ja, daar is wel mense wat vra: Hoe gaan dit?, maar dit is ’n niksseggende formule, ’n blote formaliteit. Hulle wag nie eers altyd op my antwoord nie. Hulle vra wel iéts, maar hulle vra nie na my nie.

Wat doen ’n mens in só ’n situasie? Wat het Dawid gedoen? Kyk, Dawid vou sy hande dáár waar hy in die eensaamheid van die spelonk vasgekeer is. Here, “luister”, só hoor ons hom bid, nou is daar niemand meer wat na my vra nie. Weet u wat toe gebeur? Dit is amper ongelooflik. Die mense het eenvoudig na sy spelonk gestroom en almal vra nou na Dawid. Maar, en dit is die verrassende hier, almal vra na Dawid, nie om Dáwid te troos nie, maar om deur Dawid getroos te word. Nie om Dawid te help nie, maar om deur hom gehelp te word.

Só beëindig die Here jou eensaamheid – deur ander mense aan jou toe te vertrou. As jy ander mense help, is jy self geholpe. As niemand na jou vra nie, is die oplossing dat jy na ander sal vra.

*Sing: Psalm 68* *Dr. AN Helberg (Emeritus)*